Tussentydse verslag

Naspers Beperk
In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer
(Registrasienommer: 1925/001431/06)
("Naspers")
JSE-aandeelkode: NPN ISIN: ZAE000015889
LSE-aandeelkode: NPSN ISIN: US 6315121003

Ons maak met genoeë die onafhanklik nagesiene resultate van die Naspers-groep vir die ses maande tot 30 September 2014 bekend

Kommentaar

Ons ondernemings het hul sterk groei vir die ses maande tot 30 September 2014 voortgesit. Omset, gemeet aan ekonomiese belang (insluitend ons proporsionele aandeel in geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings), het jaar tot jaar met 30% gestyg. Gedurende die oorsigtydperk het ons goeie vordering gemaak om ons e-handels- en betaaltelevisieplatforms uit te bou. Kernwesensverdienste het met 24% toegeneem.

In die e-handelsektor het ons in formate soos e-kleinhandel (aanlyn-kleinhandel), geklassifiseerde advertensies en betalings belê. Hierdie is bewese wenners vir klante en palm markaandeel in van ander formate. Ons poog om leiersposisies op te bou in markte wat ons glo die potensiaal het om aansienlik vinniger as volwasse ekonomieë te groei. Leweringskapasiteit en werksaamhede regoor die groep gaan van krag tot krag en die fokus is op klantetevredenheid, interaksie en behoud.

Die voetspoor van ons aanlyn- geklassifiseerde advertensiebesigheid strek nou oor sowat 40 lande, wat almal goeie groei in die getal gebruikers en lystings toon. 'n Ooreenkoms wat met Schibsted aangegaan is, onderhewig aan regulatoriese goedkeuring, dek sleutelgeklassifiseerde advertensiebates in Latyns-Amerika en Suidoos-Asië wat ons aanbiedings aan verbruikers behoort uit te brei en die vooruitsigte vir ons geklassifiseerde advertensieplatforms in hierdie streke sal verbeter.

In baie van ons e-kleinhandelsondernemings is omsetgroei aan die versnel.

In ons betaaltelevisie-segment is die digitale terrestriële televisie (DTT)-netwerk nou grotendeels in plek. Die DTT-intekenaarbasis groei bestendig en ons is goed geplaas om DTT-groeivooruitsigte te verwesenlik wanneer afskakeling van analoog-uitsendings in Afrika suid van die Sahara gebeur. Ons is daarop toegespits om gedifferensieerde inhoud en unieke dienste aan ons DTT-klante te lewer.

Aangesien ons internet- en e-handelsondernemings vinniger groei as betaaltelevisie en drukmedia, word 72% van omset, gemeet aan ekonomiese belang, nou in die buiteland verdien. Die internetsegment se bydrae is 58% van totale groepomset.

FINANSIËLE OORSIG

Op 'n ekonomiese belang-basis het omset jaar tot jaar met 30% toegeneem. Gekonsolideerde omset vir die tydperk het R34,4mjd bedra. Dit is 20% hoër as verlede jaar, danksy groei in die e-handel- en betaaltelevisie-segmente.

Tencent het sy transaksie met JD.com afgehandel, met die gevolg dat e-handelsomset en verwante ontwikkelingskoste aan JD.com oorgedra is. Die vorige jaar se syfers het hoër e-handelsomset en verwante ontwikkelingskoste ingesluit, wat tot beter winsgewendheid op 'n jaar-tot-jaar-grondslag gelei het. Tencent presteer goed en het R6,2mjd tot kernwesensverdienste bygedra. Dié sterk vertoning het verwagtinge oorskry. Tencent het sedertdien 'n aantal addisionele strategiese beleggings aangegaan en sal aanhou om te belê in die ontwikkeling van addisionele produkte en dienste met 'n sterk mobiele fokus.

Weens die impak van geopolitieke faktore was Mail.ru se advertensie-inkomste swakker. Die maatskappy het nietemin R528m tot kernwesensverdienste bygedra – 30% meer as die vorige jaar.

Ontwikkelingsbesteding het op die grondslag van ekonomiese belang met 42% tot R4,4mjd gestyg, as gevolg van groter besteding in die e-kleinhandelsondernemings (insluitend groter aandeelhoudings in Souq en Flipkart) en betalingsondernemings om skaal te verkry en markaandeel uit te brei. Ons aanlyn- geklassifiseerde advertensiebesigheid het ook nou 'n groter voetspoor as verlede jaar, met gepaardgaande hoër ontwikkelingskoste. Groter markte waarin ons belê, sluit Indië, Brasilië en Indonesië in. Ontwikkelingsbesteding is vanaf die tweede helfte van verlede jaar uitgebrei en ons verwag dat die jaar-tot-jaar-toename vir die tweede helfte van hierdie fiskale jaar laer sal wees.

In ons betaaltelevisie-segment het handelswins met 11% gegroei tot R5mjd, gedryf deur sterk intekenaargroei en na inagname van ontwikkelingsbesteding van R642m wat aangegaan is op DTT en aanlyn- video-inisiatiewe.

Netto rentekoste op lenings het met 55% tot R787m gestyg, hoofsaaklik as gevolg van onttrekkings uit die wentelkredietfasiliteit om nuwe verkrygings en ontwikkelingsbesteding te befonds, 'n swakker rand en die effek van die VS$1mjd effek wat in Julie 2013 uitgereik is. Die gekonsolideerde netto hefboomverhouding het laag gebly op 29%, terwyl Moody's onlangs sy beleggingsgraad-gradering van Baa3 vir ons effekte herbevestig het.

Ons aandeel van ekwiteitsverantwoorde resultate het tot R9,9mjd gestyg en sluit eenmalige wins met die hermeting van Mail.ru se belang in VK.com en die verkoop van Mail.ru se aandele in Qiwi ten bedrae van R3,87mjd in, asook R887m wat ons aandeel van Tencent se wins met die verkoop van beleggings verteenwoordig.

Belastinguitgawe het tot R1,75mjd toegeneem, as gevolg van hoër wins in betaaltelevisie, die Allegro-mark en die aanlyn- prysvergelykingsbesighede.

Die groei in omset en groter verdienstebydrae deur Tencent, Mail.ru, betaaltelevisie en sommige e-handelsbates is gedeeltelik teengewerk deur uitgebreide ontwikkelingsbesteding, wat daartoe gelei het dat kernwesensverdienste met 24% tot R6,1mjd gegroei het.

Vrye kontantuitvloei van R428m is aangeteken weens hoër ontwikkelingsbesteding en kapitaaluitgawes om ons DTT-voetspoor en betaaltelevisieproduksiefasiliteite in lande in Oos- en Wes-Afrika uit te brei. Die hoër belastinguitgawe het ook 'n uitwerking gehad. Bedryfskapitaal in die e-kleinhandelsondernemings word steeds goed bestuur.

Die tweede helfte van die jaar is gewoonlik die aktiefste deel van die jaar vir die meeste van ons ondernemings, en ons verwag dat besteding sal versnel terwyl ons ons toespits op die vakansieseisoen. Dit kan laer kernwesensverdienste vir daardie tydperk meebring.

Die maatskappy se eksterne ouditeur het nie vooruitskattings in hierdie tussentydse verslag nagegaan of daaroor verslag gedoen nie.

SEGMENTELE OORSIG

Hierdie segmentele oorsig sluit ons gekonsolideerde filiale en 'n proporsionele konsolidasie van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings in.

Internet

Ons internetondernemings groei steeds die vinnigste in die groep. Segmentomset was 44% hoër op R35,8mjd. Binne die internetsegment het e-handel met 43% gegroei en omset van R12,1mjd aangeteken. Sterk prestasie deur Tencent, gedeeltelik teengewerk deur hoër ontwikkelingsbesteding in ons eie e-handelsondernemings, het gelei tot 'n toename van 67% in handelswins tot R6,5mjd.

Tencent

Tencent se omset het RMB38,1mjd bedra, 37% hoër op 'n jaar-tot-jaar-grondslag. Dit is 'n stewige prestasie in 'n hoogs mededingende mark.

Toenemende slimfoon-penetrasie en 'n groeiende Weixin-basis het tot sterk groei in inkomste uit mobiele media gelei. Tencent se advertensie-inkomste het ook 'n hupstoot gekry uit video- en prestasiegebaseerde sosiale advertensies. Weixin, wat internasionaal as WeChat bekend is, het sy maandelikse aktiewe gebruikers jaar tot jaar met 39% tot 468m aktiewe rekeninge opgestoot.

Weixin verhoog gemeenskaps- en betalingsfunksionaliteit en verbind hierdie vermoëns met strategiese vennote. Tencent het sy aanlyn-na-aflyn-ekosisteem verder verryk deur beleggings wat aan verbindings op sy Weixin- en ander platforms gekoppel is. Die immer groeiende reeks produkte en dienste wat via slimfone aangebied word, beloof goed vir Tencent se toekoms.

Mail.ru

'n Uitdagende ekonomiese omgewing wat veral advertensie-inkomste nadelig geraak het, en 'n verswakking in die roebel, het Mail.ru se omsetgroei tot 22% laat verlangsaam. Omset vir die eerste ses maande het RBL15,1mjd beloop. Die aanlynspeletjies-besigheid het ondanks die ekonomiese klimaat betreklik goed presteer. Die verkryging van die oorblywende aandele in

VK.com sal Mail.ru in staat stel om sy leiersposisie in die sosialenetwerkmark in Rusland te konsolideer.

e-Handel

Ons is tevrede met die vordering tot dusver in ons vinnigste groeiende segment. Organiese groei het omset vir die tydperk met 43% tot R12,1mjd laat styg. Die segment het 'n handelsverlies van R2,4mjd aangeteken, nadat ontwikkelingsbesteding van R3,6mjd aangegaan is.

Ons het die bedrywighede van ons geklassifiseerde advertensiebesigheid verskerp om op 40 markte wêreldwyd te fokus. Gemiddelde daaglikse nuwe lystings en daaglikse aktiewe gebruikers op ons webwerwe het in die tweede kwartaal van die finansiële jaar op onderskeidelik 796 000 (+85%) en 16m (+73%) gestaan. Wêreldwyd is ongeveer 42% van ons verkeer van mobiele media afkomstig, en in sommige markte is dit nog meer – tot 81%. Die volgehoue verbetering van ons aanbiedings en fokus op die klant het tot 'n bestendige toename in interaksie gelei. Ná onlangse handelsmerk-migrasies word die meeste van ons webwerwe nou onder die OLX-vaandel bedryf. Mededinging bly aggressief, maar volgens die belangrikste maatstawwe het ons verby ons mededingers gegroei.

Ons e-kleinhandelsbesighede groei vinnig, met 'n jaar-tot-jaar-toename van 65% in omset op die grondslag van ekonomiese belang. Flipkart in Indië se groeikoerse het beduidend versnel. Dit is gedryf deur kategorie-uitbreiding, eksklusiewe aanbod en 'n gedifferensieerde logistieke en vervullingsaanbod op grondvlak. Souq in die Midde-Ooste bereik ook goeie skaal. Ons sien 'n betekenisvolle toename in organiese verkeer in die meeste van ons markte, omdat ons oortuigende aanbiedings aan klante lewer en ons platforms op skaal bedryf. In Suid-Afrika sal die beplande samesmelting van Kalahari en Takealot die besigheid 'n beter grondslag gee.

In ons betalingsonderneming, PayU, gaan ons nuwe senior bestuurspan voort om talent in die hele besigheid te versterk. Ons is besig om bestaande betalingsondernemings in vyf streke in een internasionale maatskappy te omskep met 'n enkele handelsmerk en gemeenskaplike ondersteunende infrastruktuur, soortgelyk aan die manier waarop ons ons geklassifiseerde advertensie-ondernemings opgedryf het. Daaglikse betaaltransaksies het jaar tot jaar met 70% toegeneem. Ons sal aanhou om ons betalingsdiensverskaffer-besigheid uit te brei en lê die grondslag vir 'n innoverende e-beursiebesigheid wat 'n elektroniese beursie aan verbruikers verskaf.

Allegro, ons groot markbesigheid, toon 'n verbetering in omsetgroei. Danksy die skaalvoordele van hierdie platform, het ons hoë EBITDA-marges gehandhaaf. Ons gaan voort om ons besigheid te ontwikkel en ons verbruikersaanbiedings, ons vermoëns asook ons mobiele produkte uit te brei.

Ná die konsolidasie van ons aanlyn- prysvergelykingsbesigheid onder 'n enkele reg- en bestuurstruktuur, bedryf ons nou die grootste prysvergelykingsbesigheid in die wêreld. Die besigheid is winsgewend en behoort marges verder uit te brei namate dit groei en skaalvoordele benut.

Die reisbesigheid in Indië groei vinnig en het 'n beduidende voorsprong op mededingers. Volgens die getal aanlyntransaksies is dit reeds die grootste aanlyn-reisplatform in Indië. Ander aanlyn- diensondernemings word in Brasilië ontwikkel, waar Movile weer goeie resultate behaal het. Sy Brasiliaanse kosbestellingsbesigheid, iFood, kry goeie skaal en het 'n hupstoot gekry deur die samesmelting met Just Eat se Brasiliaanse filiaal.

Betaaltelevisie

Dié segment het omset van R20,2mjd behaal en jaar tot jaar met 18% gegroei. Handelswins van R5mjd het teen 'n laer 11% gestyg as gevolg van beleggings om DTT- en aanlyndienste te ontwikkel en die aanbod van plaaslike inhoud uit te brei. Die totale intekenaarbasis het gedurende die ses maande met 342 000 tot meer as 8,4m huishoudings gegroei.

MultiChoice bedryf nou DTT in 11 lande en het ongeveer 873 000 intekenare. Ons brei steeds ons transmissieplatform uit en plaas dekodeerders in markte waar ons binne afsienbare tyd afskakeling van analoog-uitsendings verwag. Ná afskakeling behoort verdere intekenaargroei momentum te kry.

Ons gaan voort om in plaaslike inhoud te belê en streekproduksiesentrums is in Nigerië en Kenia op die been gebring. In Suid-Afrika het ons die afgelope jaar die belangrike mylpaal gevier om meer as R1mjd in plaaslike inhoud te belê.

Addisionele transpondeerderkapasiteit is by Eutelsat en Intelsat gekoop om rugsteunkapasiteit te versterk en vir toekomstige uitbreidings van dienste voorsiening te maak.

Ons klante huur ongeveer 600 000 flieks per maand op ons *BoxOffice*-diens en ons sal hierdie diens binnekort na Afrika suid van die Sahara uitbrei. Die persoonlike video-opnemer (PVO)-basis het ook tot bykans 1,2m intekenare vermeerder. Ons belê steeds in ons aanlynprodukte en -aanbiedings.

'n Ooreenkoms is onderteken om MWEB se infrastruktuur en besigheidsdienste aan Dimension Data te verkoop. Dit sal ons in staat stel om op verbruikersaanbiedings in plaas van infrastruktuur te fokus. As deel van die ooreenkoms sal ons 'n minderheidsbelang opneem in 'n wi-fi-besigheid wat die infrastruktuurbates van MWEB en Always On huisves.

Regulatoriese omgewings in ons markte is steeds aan die ontwikkel. Verskeie hersienings is aan die gang en ons gaan voort om met die regulatoriese owerhede te skakel. Terwyl mededinging in Afrika suid van die Sahara toeneem, brei ons ons reeds sterk inhoudaanbod en aanbiedings vir klante uit.

Drukmedia

Hierdie segment ervaar nog steeds strawwe handelstoestande en grootskaalse strukturele veranderings in die bedryf.

Omset het geringe groei getoon, maar marges het verder gekrimp weens versnelde investering in digitale oplossings en nuwe groeigebiede om die inkomstebasis te diversifiseer. Ons sal voortgaan om ons struktuur en kostebasis by die uitdagende saketoestande aan te pas.

DIREKSIE

Soos voorheen gemeld, het Steve Pacak (finansiële direkteur) op 30 Junie 2014 as finansiële direkteur uitgetree, maar as 'n plaasvervangende nie-uitvoerende direkteur op die raad aangebly. Basil Sgourdos is met ingang van 1 Julie 2014 as finansiële direkteur op die raad aangestel.

OPSTEL VAN DIE TUSSENTYDSE VERSLAG

Die tussentydse verslag is opgestel onder toesig van die finansiële direkteur, Basil Sgourdos GR(SA). Hierdie resultate is op 25 November 2014 bekend gemaak.

Namens die direksie

Ton Vosloo
Voorsitter

Bob van Dijk
Uitvoerende hoof

Kaapstad
25 November 2014

Segmentele oorsig	Omset Ses maande tot 30 September			Jaar tot 31 Maart	EBITDA Ses maande tot 30 September			Jaar tot 31 Maart	Handelswins Ses maande tot 30 September			Jaar tot 31 Maart
	2014 Nagesien R'm	2013 Nagesien R'm	%-verandering	2014 Geoudit R'm	**2014 Nagesien R'm**	2013 Nagesien R'm	%-verandering	2014 Geoudit R'm	**2014 Nagesien R'm**	2013 Nagesien R'm	%-verandering	2014 Geoudit R'm
Internet	**35 817**	24 887	44	57 018	**7 619**	4 748	60	8 540	**6 477**	3 879	67	6 638
- Tencent	**22 370**	15 285	46	34 256	**9 126**	5 839	56	12 232	**8 248**	5 192	59	10 792
- Mail.ru	**1 306**	1 100	19	2 407	**714**	601	19	1 286	**655**	546	20	1 175
- e-Handel	**12 141**	8 502	43	20 355	**(2 221)**	(1 692)	(31)	(4 978)	**(2 426)**	(1 859)	(31)	(5 329)
Betaaltelevisie	**20 186**	17 077	18	36 271	**6 000**	5 375	12	10 370	**4 969**	4 477	11	8 520
Drukmedia	**5 979**	5 642	6	11 692	**269**	408	(34)	1 073	**8**	214	(96)	606
Korporatiewe dienste	**-**	-	-	-	**(96)**	(63)	(52)	(150)	**(98)**	(64)	(53)	(151)
Segment	**61 982**	47 606	30	104 981	**13 792**	10 468	32	19 833	**11 356**	8 506	34	15 613
Minus: Ekwiteitsverantwoorde beleggings	**(27 619)**	(18 851)	47	(42 253)	**(9 613)**	(6 336)	52	(13 442)	**(8 558)**	(5 580)	53	(11 707)
Gekonsolideer	**34 363**	28 755	20	62 728	**4 179**	4 132	1	6 391	**2 798**	2 926	(4)	3 906

EBITDA is verdienste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie.

Rekonsiliasie van handelswins na bedryfswins	Ses maande tot 30 September 2014 Nagesien R'm	2013 Nagesien R'm	Jaar tot 31 Maart 2014 Geoudit R'm
Handelswins	**2 798**	2 926	3 906
Finansieringskoste op transpondeerder-bruikhuurkontrakte	**182**	173	356
Amortisasie van ontasbare bates	**(361)**	(410)	(711)
Ander netto winste/(verliese)	**(124)**	(958)	(1 320)
Retensie-opsie-uitgawe	**(124)**	(74)	(132)
Ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde uitgawe	**(118)**	(36)	(81)
Bedryfswins	**2 253**	1 621	2 018

Aantekening: Vir 'n rekonsiliasie van bedryfswins ná wins voor belasting, sien die gekonsolideerde inkomstestaat.

Gekonsolideerde inkomstestaat	Aantekening	Ses maande tot 30 September 2014 Nagesien R'm	2013 Nagesien R'm	Jaar tot 31 Maart 2014 Geoudit R'm
Omset		**34 363**	28 755	62 728
Koste om dienste te lewer en goedere te verkoop		**(18 751)**	(15 856)	(35 416)
Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes		**(13 235)**	(10 320)	(23 974)
Ander netto winste/(verliese)		**(124)**	(958)	(1 320)
Bedryfswins		**2 253**	1 621	2 018
Rente ontvang	5	**206**	257	606
Rente betaal	5	**(1 332)**	(1 055)	(2 466)
Ander netto finansieringsinkomste/(koste)	5	**(82)**	(117)	(267)
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate	6	**9 932**	5 139	10 835
- uitgesluit netto wins met verkoop van beleggings		**5 178**	3 853	7 906
- netto wins met verkoop van beleggings		**4 754**	1 286	2 929
Waardedaling in ekwiteitsverantwoorde beleggings		**-**	(753)	(1 201)
Verwateringsverlies van ekwiteits-verantwoorde beleggings		**(71)**	(836)	(852)
Wins met verkrygings en verkope		**118**	614	751
Wins voor belasting	7	**11 024**	4 870	9 424
Belasting		**(1 755)**	(1 447)	(2 895)
Wins vir die tydperk		**9 269**	3 423	6 529
Toeskryfbaar aan:				
Aandeelhouers van die groep		**8 937**	3 112	5 751
Nie-beherende belang		**332**	311	778
		9 269	3 423	6 529
Kernwesensverdienste vir die tydperk (R'm)	4	**6 077**	4 920	8 616
Kernwesensverdienste per N- gewone aandeel (sent)		**1 528**	1 248	2 181
Ten volle verwaterde kernwesensverdienste per N- gewone aandeel (sent)		**1 486**	1 215	2 125
Wesensverdienste vir die tydperk (R'm)	4	**4 484**	3 641	5 981
Wesensverdienste per N- gewone aandeel (sent)		**1 128**	923	1 514
Ten volle verwaterde wesensverdienste per N- gewone aandeel (sent)		**1 096**	899	1 475
Verdienste per N- gewone aandeel (sent)		**2 248**	789	1 456
Ten volle verwaterde verdienste per N- gewone aandeel (sent)		**2 185**	769	1 418
Netto getal aandele uitgereik ('000)				
- Aan einde van die tydperk		**409 527**	395 883	397 625
- Geweegde gemiddelde vir die tydperk		**397 625**	394 272	395 078
- Ten volle verwaterde geweegde gemiddelde		**409 078**	404 898	405 469

Verkorte gekonsolideerde staat van omvattende inkomste	Ses maande tot 30 September 2014 Nagesien R'm	2013 Nagesien R'm	Jaar tot 31 Maart 2014 Geoudit R'm
Wins vir die tydperk	**9 269**	3 423	6 529
Totale ander omvattende inkomste, netto van belasting, vir die tydperk*	**2 107**	5 313	6 727
Omrekening van buitelandse bedrywighede	**888**	3 750	4 910
Netto billikewaarde-winste/(-verliese)	**4**	-	(7)
Kontantvloeiskanse	**123**	(34)	(204)
Belang in ekwiteitsverantwoorde beleggings se ander omvattende inkomste en reserwes	**1 116**	1 561	1 951
Belasting op ander omvattende inkomste	**(24)**	36	77
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**11 376**	8 736	13 256
Toeskryfbaar aan:			
Aandeelhouers van die groep	**11 103**	8 372	12 492
Nie-beherende belang	**273**	364	764
	11 376	8 736	13 256

* Behalwe vir R611m (2013: R365m en 31 Maart 2014: R552m) wat in die belang in ekwiteitsverantwoorde beleggings se ander omvattende inkomste en reserwes ingesluit is, kan alle komponente van ander omvattende inkomste in 'n toekomstige tydperk na die inkomstestaat herklassifiseer word.

Verkorte gekonsolideerde staat van veranderinge in ekwiteit	Ses maande tot 30 September 2014 Nagesien R'm	2013 Nagesien R'm	Jaar tot 31 Maart 2014 Geoudit R'm
Saldo aan begin van die tydperk	**68 205**	55 853	55 853
Veranderinge in aandeelkapitaal en -premie			
Beweging in tesourie-aandele	**1 813**	(245)	(17)
Aandeelkapitaal en -premie uitgereik	**234**	304	1 293
Veranderinge in reserwes			
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**11 103**	8 372	12 492
Beweging in aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**347**	214	487
Beweging in bestaandebeheer-besigheid-samevoegingsreserwe	**(225)**	(52)	(340)
Direkte beweging in behoue verdienste	**-**	-	23
Dividende aan Naspers-aandeelhouers betaal	**(1 702)**	(1 525)	(1 526)
Veranderinge in nie-beherende belang			
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**273**	364	764
Dividende aan nie-beherende aandeelhouers betaal	**(1 264)**	(1 034)	(1 142)
Beweging in nie-beherende belang in reserwes	**378**	237	318
Saldo aan einde van die tydperk	**79 162**	62 488	68 205
Bestaande uit:			
Aandeelkapitaal en -premie	**18 385**	15 120	16 337
Behoue verdienste	**39 205**	29 310	31 971
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**5 817**	4 576	5 082
Bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	**(1 068)**	(733)	(1 065)
Verskansingsreserwe	**(176)**	(155)	(262)
Waardasiereserwe	**3 513**	2 817	3 005
Buitelandse valuta-omrekeningsreserwe	**12 047**	9 874	11 085
Nie-beherende belang	**1 439**	1 679	2 052
Totaal	**79 162**	62 488	68 205

Gekonsolideerde staat van finansiële posisie	Aantekening	30 September 2014 Nagesien R'm	2013 Nagesien R'm	31 Maart 2014 Geoudit R'm
Bates				
Nie-bedryfsbates		**116 650**	90 304	100 212
Eiendom, aanleg en toerusting		**17 280**	15 644	17 053
Klandisiewaarde	8	**25 935**	24 609	25 811
Ander ontasbare bates		**5 767**	5 738	5 702
Beleggings in geassosieerde maatskappye	9	**64 063**	41 364	47 755
Belegging in gesamentlike ondernemings	9	**1 719**	838	1 727
Beleggings en lenings	9	**742**	1 119	1 193
Afgeleide finansiële instrumente	13	**30**	16	2
Uitgestelde belasting		**1 114**	976	969
Bedryfsbates		**36 524**	30 965	28 390
Voorraad		**4 204**	2 486	2 882
Program- en rolprentregte		**3 955**	3 147	1 979
Handelsdebiteure		**4 983**	5 007	4 849
Ander debiteure en lenings		**10 518**	3 530	4 807
Afgeleide finansiële instrumente	13	**219**	501	209
Kontant en kontantekwivalente		**12 061**	16 262	13 664
		35 940	30 933	28 390
Bates geklassifiseer as gehou-vir-verkoop	11	**584**	32	-
Totale bates		**153 174**	121 269	128 602
Ekwiteit en verpligtinge				
Aandelekapitaal en reserwes		**77 723**	60 809	66 153
Aandelekapitaal en -premie		**18 385**	15 120	16 337
Ander reserwes		**20 133**	16 379	17 845
Behoue verdienste		**39 205**	29 310	31 971
Nie-beherende aandeelhouersbelang		**1 439**	1 679	2 052
Totale ekwiteit		**79 162**	62 488	68 205
Nie-bedryfslaste		**42 052**	36 223	36 549
Gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge		**7 026**	6 730	6 768
Laste - rentedraend		**32 842**	27 225	27 395
- nie-rentedraend		**452**	463	452
Ná-diens mediese verpligting		**182**	173	176
Afgeleide finansiële instrumente	13	**317**	336	364
Uitgestelde belasting		**1 233**	1 296	1 394
Bedryfslaste		**31 960**	22 558	23 848
Korttermyngedeelte van langtermynverpligtinge		**2 826**	2 192	2 628
Handelskrediteure		**6 448**	5 669	5 318
Opgelope uitgawes en ander bedryfslaste		**20 529**	12 245	13 981
Afgeleide finansiële instrumente	13	**842**	875	840
Bankoortrekkings en opvraagbare lenings		**1 306**	1 577	1 081
		31 951	22 558	23 848
Laste geklassifiseer as gehou-vir-verkoop	11	**9**	-	-
Totale ekwiteit en verpligtinge		**153 174**	121 269	128 602
Netto batewaarde per N- gewone aandeel (sent)		**18 979**	15 360	16 637

Verkorte gekonsolideerde staat van kontantvloei	Ses maande tot 30 September 2014 Nagesien R'm	Ses maande tot 30 September 2013 Nagesien R'm	Jaar tot 31 Maart 2014 Geoudit R'm
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite			
Kontantvloei gegenereer uit bedryfsaktiwiteite	**2 490**	3 904	7 383
Finansieringsinkomste ontvang	**208**	261	734
Dividende ontvang van ekwiteitsverantwoorde maatskappye	**1 048**	833	841
Finansieringskoste betaal	**(1 139)**	(810)	(2 365)
Belasting betaal	**(2 086)**	(1 590)	(3 319)
Netto kontant gegenereer uit bedryfsaktiwiteite	**521**	2 598	3 274
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite			
Verkrygings en vervreemdings van tasbare en ontasbare bates	**(1 435)**	(1 978)	(4 442)
Verkrygings en vervreemdings van filiale, geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	**(3 332)**	(3 127)	(4 434)
Kontantbewegings in beleggings en lenings	**323**	895	840
Netto kontant aangewend in beleggingsaktiwiteite	**(4 444)**	(4 210)	(8 036)
Netto kontant gegenereer uit finansieringsaktiwiteite	**1 729**	1 552	2 114
Netto beweging in kontant en kontantekwivalente	**(2 194)**	(60)	(2 648)
Valuta-omrekeningseffek	**366**	515	1 001
Kontant en kontantekwivalente aan begin van die tydperk	**12 583**	14 230	14 230
Kontant en kontantekwivalente aan einde van die tydperk	**10 755**	14 685	12 583

Aantekeninge by die tussentydse verslag

1. Algemene inligting

Die hoofbedrywighede van Naspers en sy bedryfsfiliale, gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappye (gesamentlik "die groep") is die bedryf van internet- en mediaplatforms. Ons hoofwerksaamhede is e-handel en ander internetdienste, betaaltelevisiedienste en drukmedia.

2. Aanbiedingsgrondslag en rekeningkundige beleid

Die tussentydse verslag word opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaard (IAS) 34 *Tussentydse Finansiële Verslagdoening*, die SAICA Riglyne vir Finansiële Verslagdoening soos uitgereik deur die Komitee vir Rekeningkundige Praktyke en Finansiële Uitsprake soos uitgereik deur die Finansiële Verslagdoeningstandaarde Raad en die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet.

Die rekeningkundige beleid wat in die voorbereiding van die tussentydse resultate toegepas is, strook met dié wat toegepas is in die vorige finansiële jaarstate.

Die groep het al die nuwe en gewysigde rekeningkundige uitsprake aanvaar wat deur die Internasionale Rekeningkundige Standpunte Raad (IASB) uitgereik is en wat geld vir finansiële jare wat op 1 April 2014 begin. Geen van die nuwe of gewysigde rekeningkundige uitsprake wat geld vir finansiële jare wat op 1 April 2014 begin, sal na verwagting 'n wesenlike impak op die groep hê nie.

Handelswins sluit amortisasie van ontasbare bates (behalwe sagteware), ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde uitgawes, uitgawes ten opsigte van retensie-opsies en ander winste/verliese uit, maar sluit die finansieringskoste van transpondeerder-bruikhuurkontrakte in.

Kernwesensverdienste sluit eenmalige en nie-bedryfsitems uit. Na ons mening is dit 'n nuttige maatstaf van die groep se volhoubare bedryfsprestasie. Dis is egter nie 'n omskrewe term ingevolge Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) nie en is nie noodwendig vergelykbaar met maatstawwe met soortgelyke name wat deur ander maatskappye gerapporteer word nie.

3. Nasiening deur die onafhanklike ouditeur

Hierdie tussentydse verslag is nagegaan deur die maatskappy se ouditeur, PricewaterhouseCoopers Geïnk., wie se ongekwalifiseerde verslag aan die einde van hierdie verslag verskyn. Die ouditeurs-verslag dek nie noodwendig alle inligting wat in hierdie tussentydse verslag vervat is nie.

4. Wesensverdienste en kernwesensverdienste

Berekening van wesens- en kern-wesensverdienste	Ses maande tot 30 September 2014 Nagesien R'm	Ses maande tot 30 September 2013 Nagesien R'm	Jaar tot 31 Maart 2014 Geoudit R'm
Netto wins toeskryfbaar aan aandeelhouers	**8 937**	3 112	5 751
Aangesuiwer vir:			
- waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting en ander bates	**148**	24	112
- waardedaling van klandisiewaarde en ontasbare bates	**24**	1 063	1 461
- wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates	**(3)**	(99)	(58)
- winste uit verkrygings en verkope van beleggings	**(107)**	(111)	(45)
- hermeting van bestaande belang	**(36)**	(516)	(700)
- verwateringsverliese van ekwiteitsverantwoorde beleggings	**71**	836	852
- hermetings ingesluit by ekwiteitsverantwoorde resultate	**(4 534)**	(1 286)	(2 447)
- waardedaling van ekwiteitsverantwoorde beleggings	**-**	753	1 201
	4 500	3 776	6 127
Totale belastingeffek van aansuiwerings	**(4)**	(103)	(81)
Totale aansuiwering vir nie-beherende belang	**(12)**	(32)	(65)
Wesensverdienste	**4 484**	3 641	5 981

4. Wesensverdienste en kernwesensverdienste vervolg

Berekening van wesens- en kern-wesensverdienste	Ses maande tot 30 September 2014 Nagesien R'm	Ses maande tot 30 September 2013 Nagesien R'm	Jaar tot 31 Maart 2014 Geoudit R'm
Wesensverdienste	**4 484**	3 641	5 981
Aangesuiwer vir:			
- ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde uitgawes	**587**	429	1 120
- (skep)/terugskrywing van uitgesteldebelasting-bates	**-**	(49)	58
- amortisasie van ontasbare bates	**741**	690	1 385
- billikewaarde-aansuiwerings en valuta-omrekeningsverskille	**135**	125	(47)
- retensie-opsie-uitgawe	**109**	72	128
- besigheidsamevoegings-verwante verliese/(winste)	**21**	12	(9)
Kernwesensverdienste	**6 077**	4 920	8 616

5. Rente ontvang/(betaal)

	Ses maande tot 30 September 2014 Nagesien R'm	Ses maande tot 30 September 2013 Nagesien R'm	Jaar tot 31 Maart 2014 Geoudit R'm
Rente ontvang	**206**	257	606
- lenings en bankrekeninge	**176**	242	456
- ander	**30**	15	150
Rente betaal	**(1 332)**	(1 055)	(2 466)
- lenings en bankoortrekkings	**(963)**	(656)	(1 717)
- transpondeerderbruikhure	**(182)**	(173)	(356)
- ander	**(187)**	(226)	(393)
Ander netto finansieringsinkomste/(koste)	**(82)**	(117)	(267)
- netto valutaverskille en billikewaarde-aansuiwerings op afgeleide finansiële instrumente	**(111)**	(165)	(344)
- voorkeurdividende ontvang	**29**	48	77

6. Ekwiteitsverantwoorde resultate

Die groep se ekwiteitsverantwoorde geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings het soos volg tot die tussentydse resultate bygedra:

	Ses maande tot 30 September 2014 Nagesien R'm	Ses maande tot 30 September 2013 Nagesien R'm	Jaar tot 31 Maart 2014 Geoudit R'm
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate	**9 932**	5 139	10 835
- verkoop van bates	**-**	-	(19)
- verkoop van beleggings	**(4 754)**	(1 286)	(2 929)
- waardedaling van bates	**239**	-	532
Bydrae tot wesensverdienste	**5 417**	3 853	8 419
- amortisasie van ontasbare bates	**474**	376	897
- ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde uitgawes	**469**	393	987
- billikewaarde-aansuiwerings en valuta-omrekeningsverskille	**77**	(72)	(181)
- (skep)/terugskrywing van uitgesteldebelasting-bates	**-**	(49)	35
Bydrae tot kernwesensverdienste	**6 437**	4 501	10 157
Tencent	**6 197**	4 380	9 724
Mail.ru	**528**	405	911
Abril	**-**	(153)	(110)
Ander	**(288)**	(131)	(368)

7. Wins voor belasting

Afgesien van die items wat hierbo toegelig is, is wins voor belasting bepaal nadat onder andere die volgende in ag geneem is:

	Ses maande tot 30 September		Jaar tot 31 Maart
	2014 Nagesien R'm	2013 Nagesien R'm	2014 Geoudit R'm
Waardevermindering van eiendom, aanleg en toerusting	**1 089**	940	1 942
Amortisasie	**472**	503	898
- ontasbare bates	**361**	410	711
- sagteware	**111**	93	187
Ander netto winste/(verliese)	**(124)**	(958)	(1 320)
- wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates	**3**	99	58
- waardedaling van klandisiewaarde en ontasbare bates	**(24)**	(1 063)	(1 461)
- waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting en ander bates	**(148)**	(24)	(112)
- billikewaarde-aansuiwerings op finansiële instrumente	**45**	30	195
Wins met verkrygings en verkope	**118**	614	751
- wins met verkoop van beleggings	**107**	111	44
- hermeting van toekomstige voorwaardelike betalings	**-**	-	48
- verkrygingsverwante koste	**(25)**	(13)	(41)
- hermeting van bestaande belang	**36**	516	700

8. Klandisiewaarde

Klandisiewaarde spruit voort uit die verkryging van belange in filiale en is aan 'n jaarlikse waardedalingsevaluering onderworpe. Bewegings in die groep se klandisiewaarde vir die tydperk word hieronder toegelig:

	Ses maande tot 30 September		Jaar tot 31 Maart
	2014 Nagesien R'm	2013 Nagesien R'm	2014 Geoudit R'm
Klandisiewaarde			
- kosprys	**29 405**	24 077	24 077
- opgelope waardedaling	**(3 594)**	(2 484)	(2 484)
Openingsaldo	**25 811**	21 593	21 593
- valuta-omrekeningsverskille	**(115)**	1 988	3 226
- verkrygings	**428**	1 701	2 003
- vervreemdings	**(179)**	(9)	(18)
- waardedaling	**(10)**	(664)	(993)
Sluitingsaldo	**25 935**	24 609	25 811
- kosprys	**29 537**	27 873	29 405
- opgelope waardedaling	**(3 602)**	(3 264)	(3 594)

9. Beleggings en lenings

Die volgende hou verband met die groep se beleggings en lenings aan die einde van die verslagdoeningstydperk:

	Ses maande tot 30 September		Jaar tot 31 Maart
	2014 Nagesien R'm	2013 Nagesien R'm	2014 Geoudit R'm
Beleggings en lenings	**66 524**	43 321	50 675
- genoteerde beleggings	**57 016**	37 417	44 194
- ongenoteerde beleggings en lenings	**9 508**	5 904	6 481

10. Verpligtinge en voorwaardelike aanspreeklikhede

Verpligtinge hou verband met bedrae waarvoor die groep gekontrakteer het maar wat nog nie as verpligtinge in die staat van finansiële posisie erken is nie.

	Ses maande tot 30 September		Jaar tot 31 Maart
	2014 Nagesien R'm	2013 Nagesien R'm	2014 Geoudit R'm
Verpligtinge	**27 424**	18 088	22 417
- kapitaalbesteding	**425**	837	740
- program- en rolprentregte	**16 532**	13 491	17 701
- netwerk- en ander diensverpligtinge	**1 475**	1 244	1 530
- transpondeerder-bruikhuurkontrakte	**6 916**	422	424
- bedryfshuurverpligtinge	**1 453**	1 577	1 413
- dekodeerderverpligtinge	**623**	517	609

Die groep bedryf 'n aantal ondernemings in jurisdiksies waar terughoubelasting op sekere transaksies of betalings betaalbaar is. In sekere omstandighede kan transaksies moontlik meebring dat terughoubelasting betaal word. Ons huidige raming van moontlike terughoubelastingblootstellings, rente en moontlike boetes ingesluit, bedra sowat R2mjd (31 Maart 2014: R1,6mjd).

Die groep het 'n ooreenkoms met Intelsat Satellite LLC gesluit vir addisionele transpondeerder-kapasiteit vanaf 2017, ten einde voorsiening te maak vir toekomstige groei in satelliet dienste en om as in-wentelbaan rugsteun te dien vir bestaande transpondeerderkapasiteit.

11. Bates geklassifiseer as gehou-vir-verkoop

Op 30 September 2014 het die groep die netto bates van sy MWEB Business, Optinet Services, Networks en Wi-fi -divisies met 'n drabedrag van R575m as gehou-vir-verkoop geklassifiseer. Die wi-fi-bates sal deel vorm van die aankoopsprys vir die groep se belang in 'n gesamentlike onderneming met Dimension Data. Daar word verwag dat die gekombineerde transaksie teen 31 Maart 2015 afgehandel sal word, hangende regulatoriese goedkeuring.

'n Waardedalingsverlies van R106m is as deel van "Ander netto winste/(verliese)" in die inkomstestaat erken in verband met hierdie transaksie.

12. Besigheidsamevoegings en ander verkrygings

Verskeie verkrygings is gedurende die verslagdoeningstydperk aangegaan in die Movile groep. Hierdie verkrygings het die erkenning van ontasbare bates van R139m en klandisiewaarde van R326m tot gevolg gehad. Die oorblywende toename in klandisiewaarde gedurende die verslagdoeningstydperk hou verband met verskeie kleiner verkrygings.

Ten opsigte van beleggings in geassosieerde maatskappye het die groep deelgeneem aan twee befondsingsrondtes van Flipkart Private Limited (Flipkart), 'n voorste e-handelswerf in Indië. Hierdie befondsingsrondtes, gedurende Mei en Augustus 2014, het addisionele beleggings van onderskeidelik R555m en R2,67mjd in kontant tot gevolg gehad. Die groep het nou 'n belang van 16,63% in Flipkart op 'n ten volle verwaterde grondslag.

Bogenoemde verkrygings is hoofsaaklik deur die aanwending van bestaande kredietfasiliteite befonds.

13. Finansiële instrumente

Die groep se aktiwiteite stel hom bloot aan 'n verskeidenheid van finansiële risiko's, soos markrisiko's (ingesluit wisselkoersrisiko, billikewaarde-rentekoersrisiko, kontantvloeirentekoers-risiko en prysrisiko), kredietrisiko en likiditeitsrisiko.

Die tussentydse verslag sluit nie al die finansiëlerisiko-bestuursinligting en openbaarmaking in wat in die finansiële jaarstate verlang word nie en moet dus saam met die groep se finansiële jaarstate soos op 31 Maart 2014 gelees word. Daar was geen beduidende veranderinge in die groep se krediet-, likiditeit- en markrisiko's of aan die sleutelinsette gebruik om billike waarde te meet sedert 31 Maart 2014 nie.

Die billike waardes van die groep se finansiële instrumente wat teen billike waarde gemeet word op elke verslagdoeningsdatum word hieronder uiteengesit:

	Billikewaarde-metings op 30 September 2014 gegrond op:		
Herhalende billikewaarde-metings	**Gekwoteerde pryse in aktiewe markte vir identiese bates of verpligtinge (Vlak 1) R'm**	**Beduidende ander waarneembare insette (Vlak 2) R'm**	**Beduidende onwaarneembare insette (Vlak 3) R'm**
Bates			
Beskikbaar-vir-verkoop-beleggings	135	-	-
Valutatermynkontrakte	-	249	-
Verpligtinge			
Valutatermynkontrakte	-	30	-
Aandeelhouersverpligtinge	-	-	823
Toekomstige voorwaardelike betalings	-	-	372
Rentekoers-ruilooreenkomste	-	306	-

13. Finansiële instrumente vervolg

Herhalende billikewaarde-metings	Billikewaarde-metings op 31 Maart 2014 gegrond op: Gekwoteerde pryse in aktiewe markte vir identiese bates of verpligtinge (Vlak 1) R'm	Beduidende ander waarneembare insette (Vlak 2) R'm	Beduidende onwaarneembare insette (Vlak 3) R'm
Bates			
Beskikbaar-vir-verkoop-beleggings	120	-	-
Valutatermynkontrakte	-	210	-
Rentekoers-ruilooreenkomste	-	1	-
Verpligtinge			
Valutatermynkontrakte	-	66	-
Aandeelhouersverpligtinge	-	-	806
Toekomstige voorwaardelike betalings	-	-	263
Rentekoers-ruilooreenkomste	-	332	-

Die billike waardes van vlak 2 en 3 instrumente word soos volg vasgestel:

- *Valutatermynkontrakte* – mark-waarneembare kwotasies van vooruit-valutakoerse op instrumente met soortgelyke termyne.
- *Rentekoersruilooreenkomste* – verdiskonteerde kontantvloeitegnieke waarin slegs mark-waarneembare inligting gebruik word.
- *Aandeelhouersverpligtinge* – opsie-prysingsmodelle en verdiskonteerde kontantvloeitegnieke. Sleutel-insette sluit in: billike waardes van onderliggende aandele, uitoefenpryse, risikovrye rentekoerse, berekende wisselvalligheid en die tydperk tot uitoefening.
- *Toekomstige voorwaardelike betalings* – verdiskonteerde kontantvloeitegnieke. Sleutelinsette sluit in: vooruitskattings van die mate waartoe verwag word dat prestasievoorwaardes aan voldoen sal word, verdiskonteringskoerse en kontraktueel-gespesifiseerde betalingsbedrae.

'n Rekonsiliasie van die beweging in die drabedrag van vlak 3 billikewaarde-metings word hieronder uiteengesit:

	30 September 2014 Aandeelhouers-verpligtinge R'm	Toekomstige voorwaardelike betalings R'm
Openingsaldo	806	263
Totale (winste)/verliese in die inkomstestaat	(21)	3
Uitreikings	-	90
Valuta-omrekeningsverskille	38	16
Sluitingsaldo op 30 September 2014	**823**	**372**

13. Finansiële instrumente vervolg

	31 Maart 2104 Aandeelhouers-verpligtinge R'm	Toekomstige voorwaardelike betalings R'm
Openingsaldo op 1 April 2013	704	185
Totale winste in die inkomstestaat	(145)	(13)
Uitreikings	284	155
Skikkings	(82)	(91)
Valuta-omrekeningsverskille	45	27
Sluitingsaldo op 31 Maart 2014	806	263

Die billike waardes van die volgende instrumente word openbaar aangesien hul drawaardes nie 'n redelike weerspieëling van hul billike waardes is nie:

Finansiële verpligtinge	30 September 2014 Drabedrag R'm	Billike waarde R'm
Lenings van nie-beherende aandeelhouers	485	592
Gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge	7 600	7 636
Genoteerde skuldeffekte	19 222	20 963

Finansiële verpligtinge	31 Maart 2014 Drabedrag R'm	Billike waarde R'm
Lenings van nie-beherende aandeelhouers	480	478
Gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge	7 277	7 074
Genoteerde skuldeffekte	17 784	19 706

14. Gebeure ná die verslagdoeningstydperk

Ná die einde van die verslagdoeningstydperk het die groep 'n ooreenkoms met Takealot Online (RF) Eiendoms Beperk (Takealot) gesluit vir die samesmelting van die groep se Kalahari-besigheid met Takelot. Die transaksie is onderhewig aan regulatoriese goedkeuring.

Die groep het ook gedurende Oktober 2014 'n verdere VS$27m in kontant in sy gesamentlike onderneming Konga Online Shopping Limited (Konga), 'n voorste e-kleinhandelswerf in Nigerië, belê. Die groep het nou 'n belang van 40,22% in Konga op 'n ten volle verwaterde grondslag.

Gedurende November 2014 het Naspers, Schibsted Media Group, Telenor Holdings en Singapore Press Holdings 'n ooreenkoms gesluit vir die stigting van gesamentlike ondernemings vir die ontwikkeling van die partye se aanlyn- geklassifiseerde advertensieplatforms in Brasilië, Indonesië, Thailand en Bangladesj. Die transaksies is onderhewig aan Europese Unie goedkeurings.

Direkteure

T Vosloo (voorsitter), B van Dijk (uitvoerende hoof), C L Enenstein, D G Eriksson, F-A du Plessis, R C C Jafta, F L N Letele, Y Ma, D Meyer, R Oliveira de Lima, T M F Phaswana, V Sgourdos, J D T Stofberg, B J van der Ross, J J M van Zyl

Plaasvervangende direkteure

S J Z Pacak, M R Sorour

Maatskappysekretaris

G Kisbey-Green

Geregistreerde kantoor

Heerengracht 40, Kaapstad 8001
(Posbus 2271, Kaapstad 8000)

Oordragsekretaris

Link Market Services South Africa Eiendoms Beperk
13de verdieping, Rennie House, Ameshoffstraat 19, Braamfontein 2001
(Posbus 4844, Johannesburg 2000)

Borg

Investec Bank Limited

ADB-program

Bank of New York Mellon bedryf 'n GlobalBuyDIRECT™-plan vir Naspers Beperk. Vir bykomende inligting, besoek gerus Bank of New York Mellon se webwerf by www.globalbuydirect.com of skakel Shareholder Relations by 1-888-BNY-ADRS of 1-800-345-1612 of skryf aan: Bank of New York Mellon, Shareholder Relations Department – GlobalBuyDIRECT™, Church Street Station, PO Box 11258, New York, NY 10286-1258, USA.

Belangrike inligting

Hierdie verslag bevat vooruitskouende verklarings soos gedefinieer in die Verenigde State se "Private Securities Litigation Reform Act" van 1995. Woorde soos "glo", "verwag", "voorneem", "beoog", "wil", "beplan", "mag", "streef" en soortgelyke uitdrukkings word gebruik om sulke vooruitskouings te identifiseer, maar is nie die enigste manier om sulke uitdrukkings te identifiseer nie. Hoewel hierdie vooruitskouende verklarings ons standpunte en toekomsverwagtings verteenwoordig, kan verskeie risiko's, onsekerhede en ander belangrike faktore meebring dat werklike ontwikkelinge en resultate wesenlik van ons verwagtings verskil. Dit sluit faktore in wat ons ondernemings en finansiële prestasie negatief kan beïnvloed. Ons is geensins onder verpligting (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om ons vooruitskouings – hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeurtenisse of andersins – by te werk of te wysig nie. Beleggers word gemaan om nie te veel staat te maak op enige vooruitskouende verklarings wat hierin vervat is nie.

ONAFHANKLIKE OUDITEUR SE OORSIGVERSLAG OP TUSSENTYDSE FINANSIËLE STATE

Aan die Aandeelhouers van Naspers Beperk

Ons het die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state van *Naspers Beperk* in die meegaande tussentydse verslag, wat bestaan uit die verkorte gekonsolideerde staat van finansiële stand soos op 30 September 2014, en die verwante verkorte gekonsolideerde state van omvattende inkomste, veranderings in ekwiteit en kontantvloeie vir die ses-maande periode wat op daardie datum geëindig het, en geselekteerde verduidelikende aantekeninge, nagesien.

Direkteure se Verantwoordelikheid vir die Tussentydse Finansiële State

Die direkteure is verantwoordelik vir die opstel en voorstelling van hierdie tussentydse finansiële state ooreenkomstig die 'International Financial Reporting Standard (IAS) 34 *Interim Financial Reporting'*, die 'SAICA Financial Reporting Guides' soos uitgereik deur die 'Accounting Practices Committee' en die 'Financial Pronouncements' soos uitgereik deur die 'Financial Reporting Standards Council' en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, en vir sodanige interne beheer as wat die direkteure nodig ag om die opstel van tussentydse finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, in staat te stel.

Ouditeur se Verantwoordelikheid

Dit is ons verantwoordelikheid om 'n gevolgtrekking oor hierdie tussentydse finansiële state uit te spreek. Ons het ons oorsig ooreenkomstig die 'International Standards on Review Engagements 2410, *Review of Interim Financial Information Performed by the Independent Auditor of the Entity*' uitgevoer. ISRE 2410 vereis van ons om tot 'n gevolgtrekking te kom of enigiets onder ons aandag gekom het wat ons laat glo dat die tussentydse finansiële state nie in alle wesenlike opsigte opgestel is ooreenkomstig die toepaslike finansiële verslagdoeningsraamwerk nie. Hierdie Standaard vereis ook dat ons aan relevante etiese vereistes voldoen.

'n Oorsig van tussentydse finansiële state ooreenkomstig ISRE 2410 is 'n beperkte gerusstellingsaanstelling. Ons voer prosedures uit wat hoofsaaklik bestaan uit die rig van navrae aan bestuur en ander persone binne die entiteit, soos toepaslik, en die toepassing van analitiese prosedures, en evalueer die bewyse wat verkry is.

Die prosedures wat uitgevoer word tydens 'n oorsig is aansienlik minder as dié wat tydens 'n oudit ooreenkomstig 'International Standards on Auditing' uitgevoer word. Dienooreenkomstig spreek ons nie 'n ouditmening oor hierdie tussentydse finansiële state uit nie.

Gevolgtrekking

Gebaseer op ons oorsig, het niks onder ons aandag gekom wat ons laat glo dat die meegaande verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state van Naspers Beperk vir die ses-maande periode wat op 30 September 2014 geëindig het nie, in alle wesenlike opsigte, opgestel is ooreenkomstig die 'International Financial Reporting Standard, (IAS) 34 *Interim Financial Reporting'*, die 'SAICA Financial Reporting Guides' soos uitgereik deur die 'Accounting Practices Committee' en die 'Financial Pronouncements' soos uitgereik deur die 'Financial Reporting Standards Council' en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika nie.

Ander Aangeleentheid

Ons het nie die toekomstige finansiele prestasie of verwagtinge, soos deur die direkteure uitgedruk in die kommentaar wat in die meegaande tussentydse finansiële verslag ingesluit is, nagesien nie, en dienooreenkomstig spreek ons nie 'n gevolgtrekking daaroor uit nie.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Direkteur: Brendan Deegan
Geregistreerde Ouditeur
Kaapstad
25 November 2014